DIE WONDERBOOM STYL

CHARLES CERONIO

ONSTAAN VAN DIE WONDERBOOM

Die Wonderboom is een van Pretoria se bekendste toeriste aantreklikhede en soos die Kremetart boom sekerlik een van die indrukwekkendste botaniese wonders.

Aanvanklik was die Wonderboomvy na die stad Pretoria vernoem maar dit is ongelukkig later herbenoem na F.salicifolia.

Die Pretoria Wonderboom sou sekerlik al lankal as vuurmaakhout gebruik gewees het, as die destydse Ndebele stam, wat in die omgewing woonagtig was, dit nie as 'n heilige boom beskou het nie.

Die meeste hoofmanne is onder die boom begrawe en vandaar dat die besondere natuurerfenis vir die nageslag behoue gebly het.

Daar word beraam dat die hoofstam van die Wonderboom reeds meer as 'n duisend jaar oud is. Die boom se kroon is 55 meter in deursnee en is 25 meter hoog. Die hoofstam is meer as 5 meter in deursnee en vorm 'n tweede en derde kring.

Die tweede kring bestaan uit sewe dogters waarvan twee 'n derde kring gevorm het.

Hierdie kringe om die hoofstam het ontstaan as gevolg van die hoofstam se raamtakke wat etlike meters na buite weggekring het. Met verloop van jare het hierdie oorhangende takke die grond begin raak. Dit het wortelgeskiet en sodoende die tweede kring van sewe bome gevorm gevorm.

Die derde kring het op dieselfde wyse ontstaan en met verloop van baie eeue sal daar nog meer kringe om die oorspronklike stam gevorm word.

Die moederstam het byna heeltemal gesterf en vorm 'n indrukwekkende kern wat soos 'n groep uitgebrande boomstompe lyk.

WERKSWYSE

Om die Wonderboom styl te skep moet geskikte vyespesies gebruik word. Die Natalvy en die Bosvy (F.craterostoma) leen hulle uitstekend vir hierdie besondere styl. Die Wonderboom styl kan beskryf word as 'n kombinasie van die groepaanplanting (Yose-Uye), die meerstammige styl (Kabudachi) en die opslagwortel styl (Netsuranari).

Om die Wonderboom styl na te boots word 'n droë stuk hout gebruik wat die kern van die moederboom moet voorstel. Rondom hierdie kern moet sewe nuwe bome geplaas word wat die tweede kring voorstel.

Hierdie bome moet almal reeds volwaardig ontwikkeld wees om die effek van ou bome na te boots. Hulle moet almal ewe groot wees ten einde 'n silhoeët van 'n reuse sambreel te gee.

Twee bome word aan weerskante geplaas in 'n skuinsstammige posisie. Hul een sytak moet na onder bedraad word om die derde kring voor te stel. Twee jong bome kan by hierdie punt geplant word om die geheel effek af te rond.